# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 16/02 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   Baie dankie aan al ons ouers wat so getrou in die snoepie gewerk het en as beamptes gedurende die atletiekseisoen opgetree het. Dit word opreg waardeer.

2. **<u>Toetsreeks</u>:**
   Die toetsreeks begin Donderdag, 28 Februarie, en eindig Vrydag, 15 Maart. Normale skoolure met verkorte periodes. Alle leerders het vandag 'n toetsrooster per hand ontvang.

3. **<u>Skoolbeheerliggaamverkiesing – Vrydag, 8 Maart 2024</u>:**
   Alle jongste/enigste leerders het gister 'n kennisgewing van die verkiesing per hand ontvang. Maak asseblief seker dat u dit by u kind kry. Let asseblief op die volgende:
   - Nominasievorms is by die skoolhoof beskikbaar.
   - Die nominasievorm moet nie meer as 7 dae en minder as 3 dae voor die verkiesings-vergadering by die skool ingehandig word nie.
   - Die genomineerde moet die volgende saam met sy/haar nominasievorm by die skool ingee:
     - 'n Onlangse 10x15cm grootte borsfoto.
     - Volle name en van.
     - Naam en graad(e) van kind(ers) in die skool.
     - Beroep
     - Vaardighede en ervaring wat tot voordeel van die skool kan wees.

4. **<u>Individulele skoolfoto's</u>:**
   Die individuele skoolfoto's word op Woensdag, 21 Februarie 2024, by die skool geneem. Leerders moet asseblief netjies in formele somerdrag geklee wees.
   Alle leerders word individueel afgeneem en bestellings word eers later geplaas en betaal.
   Die hoërskool atlete wat daardie dag in PE aan atletiek gaan deelneem, se individuele foto sal later in die jaar saam met die groepfoto's geneem word.

5. **<u>Tweedehandse klerewinkel</u>:**
   Die grondslagfase personeel loods vanaf Maart 2024 'n nuwe projek. Enige grootte tweedehandse skoolklere wat nog in 'n redelike of goeie toestand is, kan geskenk word aan die skool. Dit sal dan te koop aangebied word in die tweedehandse klerewinkel wat deur die grondslagfase bedryf word.

   Hierdie winkel sal op dieselfde tye as die skool se klerewinkel oop wees. Die winkel sal vanuit die stoorkamer langs die rekenaarlokaal bedryf word.

   Tye: Dinsdae en Donderdae: 14:30 - 15:00, vanaf Dinsdag, 5 Maart.

herotel

Stuur asseblief u skenking na juf. Marisa.   Kom loer in vir winskopies!

6. **Finansies:**

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas ‘n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS-McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Busgeld – Kwartaal 1:
  Ons doen ‘n dringende beroep op ouers/voogde om die busgeld vir kwartaal 1 te betaal. Indien die busgeld nie teen 23 Februarie betaal is nie, sal u kind nie langer van die diens kan gebruik maak nie, aangesien daar ‘n waglys van leerders is wat graag van busvervoer wil gebruik maak.

- Verminderde skoolfonds:
  Maak asseblief seker dat aansoeke vir verminderde skoolfonds ingehandig is – sluitingsdatum was 15 Februarie 2024.

7. **Sport:**

- Kouga-Koukamma Sone-atletiekbyeenkoms:
  Gedurende die Kouga-Koukamma Sone-atletiekbyeenkoms van 10 Febrtuarie 2024 is die volgende rekords verbeter:

| | | | |
|---|---|---|---|
| D 0/10: | Taylin Kapank | Verspring | 1,71m |
| S 0/12: | E.J. Meyer | 100m | 13.87s |
| S 0/12: | E.J. Meyer | 75mH | 13.75s |

  Baie geluk aan die twee uitstekende atlete. HS McLachlan se personeel en leerders is baie trots op julle.

- Laerskool atletiek:
  Baie geluk aan die laerskoolatlete wat Woensdag, 14 Februarie, aan die Sarah Baartman atletiekbyeenkoms deelgeneem het. Hoërskool McLachlan se atlete het uitstekende skooltrots en sportmanskap getoon. Die afrigters en personeel is baie trots op julle.

  Die volgende atlete het medaljes verwerf:

  - Goud:

| | |
|---|---|
| Taylin Kapank | Verspring, 80 m en 100 m. |
| E.J. Meyer | 75m Hekkies |
| Amonë Botha | Spiesgooi |
| Jaundré Malambo | Spiesgooi |

  - Silwer:

| | |
|---|---|
| Taylin Kapank | 70 m Hekkies |
| Stefanie van Greunen | Verspring |
| Almirah Stephanus | Verspring |
| Eldrinay Oliphant | Spiesgooi |

  - Brons:

| | |
|---|---|
| Joané Oosthuizen | Gewigstoot |
| Igné  Ferreira | Spiesgooi en skyfwerp |

| | |
|---|---|
| Stefan Basson | 80 m Hekkies |
| E.J. Meyer | Verspring |

Ons is ook trots op Justine, Nehan, Trent, Frederik, Hope, Jacobus, Marthinus, Waldo, Roberto en Matthys wat hul beste gegee het.

Baie geluk. Ons sien uit om te hoor wie van julle die Sarah Baartmanspan gaan verteenwoordig.

- Hoërskool atletiek:
  Saterdag, 17 Februarie 2024, vind die hoërskool Kouga-Koukamma atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer in Kareedouw plaas. Atlete moet seker maak dat hul 'n naamkaartjie het om die hek in te gaan.

| Bustye: | Misgund: | 05:50 |
|---|---|---|
| | Louterwater: | 06:05 |
| | Krakeel: | 06:20 |
| | Skool: | 06:35 |
| | Ravinia | 06:45 |

  Hoërskoolatlete wat 'n eerste of tweede plek verwerf sal dan Woensdag, 21 Februarie 2024, by die OVAL, in Port Elizabeth (Gqeberha), aan die Sarah Baartman atletiekbyeenkoms deelneem. Hierdie atlete moet die NSSC-registrasievorm volledig voltooi. (Dit is die gewaar-merkte en verkleinde geboortesertifikaat of ID wat op die vorm geplak moet word). Hierdie vorm moet asseblief Maandag, 19 Februarie, by die atletiekorganiseerder ingehandig word. Kwalifiserende tye en afstande sal aan die atlete gegee word,dat hul kan sien of hul deel van die Sarah Baartmanspan kan wees.

- Krieket:
  Maandag speel 0/13 teen Pellsrus, weg. Bussie vertrek om 12:30
  Dinsdag speel 0/11 teen Pellsrus, weg. Bussie vertrek om 12:30
  Donderdag speel 0/9 teen Pellsrus, weg. Bussie vertrek om 12:30.

- Tennis:
  Dogters het teen Alexander Road High school gelykop gespeel.

  Dinsdag, 20 Feb., speel die Hoërskool dogters teen Hoërskool Pearson, tuis.
  Donderdag, 22 Feb., speel die Hoërskool seuns teen Alexander Road high school, tuis.

- Rugby:
  Daar word op Vrydag, 23 Februarie, 'n rugbykliniek deur die SA-Rugby Legends op McLachlan se sportveld aangebied. 0/10 – 0/13 vind plaas vanaf 14:00 – 15:00. Hoërskool is vanaf 15:00 – 16:00. Name moet by mnr. Vermeulen of mnr Terblanche ingegee word.

8. **Fondinsamelingsprojekte:**
   Die volgende fondsinsamelingsprojekte word vir die kwartaal beplan. Ons vra die ouers om dit asseblief te ondersteun.

❖ Oppieplaas Spit
❖ Golfdag


herotel
IGEN









C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel

McLachlan Internet Fasiliteit